# DIE FONTEIN

## OUD GEREFORMEERDE KERK ~ MAART 2025




Openbaring 21:6

“En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.”

# MAANDAG KATKISASIE.

(Bernardus Smytegelt.)

## Die Saligmakende kennis van God.

---

**Vraag:** Het God aan die mens boeke gegee waaruit die mens Hom moet leer ken?

**Antwoord:** Ja, drie boeke.
Eerstens die boek van die Natuur.
Tweedens die boek van die gewete of die sedelike bewussyn.
Derdens die boek van die Skriftuur.

**Vraag:** Wat verstaan jy in en deur die boek van die natuur?

**Antwoord:** Die ganse natuur is deur God geskape. Dit is vir Hom welbehaaglik dat die mens Hom in Sy Voorsienigheid sal leer ken, sodanig in die minste sowel as in die meeste; volgens die getuienis, in Job. 12 vers 7 – 9:

**"Maar vra tog vir die diere, dat hulle jou leer; en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee; of spreek die aarde aan, dat dit jou leer, en laat die visse van die see jou vertel. Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van die HERE dit gemaak het nie?"**

Jes. 40 vers 26:

**"Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie."**

**Vraag.** Wat leer die boek van die natuur ons, sodat ons God waarlik kan ken?

**Antwoord:** Eerstens, dat Hy die Maker van alles is. Elke skepsel moet openlik getuig en sê: "My oorsprong is nie vanuit myself nie, maar ek het

’n Maker.”  Ons kan geen huis of gebou sien, of dit het ’n maker; so is dit ook in die geval van alles wat ons sien en waarneem.  Die Maker is God.

Tweedens, leer ons ook Sy eienskappe in die boek van die natuur ken, juis soos wat ’n pêrel aan ’n kroon uitblink.  Ons sien Sy Grote krag, Sy ewigheid en Sy volmaaktheid daarin, Sy wysheid wat alles voortgebring het en Sy ewigheid, hoedat Hy reeds was voordat die berge daar was.  Spr. 8 vers 25:

**“voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore;”**

Derdens, wanneer ons iets goeds in Sy Skepping sien, dan moet ons juis die grootsheid van die Skepper daarin waarneem.

Vierdens, in die natuur moet ons ook die voorbeelde van die geestelike sake waarneem, soos wanneer die donker van die nag deur die lig van die opkomende son by die aanbreek van ’n nuwe dag verdryf word, so ook wanneer die donkerheid vanuit ’n kind van God verdryf word, dan kom daar uiteindelik ook lig in sy siel.  So ook nadat ons vanuit die slaap opstaan, dan sien ons ook hoedat ons vanuit die slaap van sonde ook uiteindelik moet opstaan en so gebruik die Saligmaker ook die natuur tot sodanige voorbeelde van die geestelike sake.  Hy vermeld ook van ’n vrou wat weinig suurdeeg gehad het en dit onder drie mate meel verberg het totdat die hele deeg uiteindelik deursuur was.  Dit is ook ’n bewys dat ons niks sal vind, selfs in ons huislike of liggaamlike behoeftes of ons sal daardeur opklim tot God en sodoende iets geestelik tot versterking van ons siele vind.  Indien ons al ons liggaamlike dinge vanuit ’n geestelike oog sien, sal ons ook die krag van Sy sterkte in dit alles waarneem.

(vervolg.)



# DIE INSTITUSIE.

(Johannes Calvyn.)

## ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

---

### Hoofstuk 3.

### DIE KENNIS VAN GOD IS VAN NATURE IN DIE VERSTAND VAN DIE MENS INGEPLANT.

1. *Afgodediens bewys dat selfs barbaarse volkere 'n god eerbiedig.*

Ons stel dit as onteenseglike feit dat daar 'n bepaalde bewussyn van die Godheid in die mens se verstand aanwesig is en dit dan deur 'n natuurlike instink. Om te verhoed dat enigiemand sy toevlug na 'n voorwendsel van onkunde sou neem, het God self by alle mense 'n bepaalde begrip van sy Goddelike mag ingeskerp. Hy herinner die mens gedurig daaraan en laat voortdurend nuwe druppels daarvan op hom neer dou. Aangesien die laaste mens begryp dat die God wel bestaan en dat Hy sy Skepper is, is die gevolg daarvan dat die mens op sy eie getuienis verdoem word omdat hy Hom nie aanbid en sy lewe nie aan sy wil wy nie. As ons dan êrens na onkunde in verband met God moet soek, bestaan daar waarskynlik nêrens 'n beter voorbeeld daarvan as onder verstokte volkere war vêr van die beskawing af verwyder is nie.

En tog is daar, soos die bekende heiden sê, geen nasie wat so onbeskaaf, geen volk wat so barbaars is dat dit nie die vaste oortuiging het dat God wel bestaan nie. En tog behou die mense, wat in sekere lewens fasette skynbaar baie weinig van wilde diere verskil, gedurig nog die saad van die godsdiens – so het die algemene veronderstelling daar van die harte van alle mense ingeneem en so hardnekkig kleef dit aan almal se binneste. Gevolglik was daar van die begin van die wêreld af geen landstreek, geen stad of huis wat sonder godsdiens kon wees nie. Hierin is daardie stilswyende belydenis dat die bewussyn van die Godheid in die harte van alle mense ingegrif is. Ja, ook afgodediens is oorvloedige bewys van hierdie opvatting. Ons weet tog hoe teensinnig die mens homself verneder om na ander skepsele bo hom op te sien. Aangesien die mens daarom verkies om hout of klip te aanbid eerder as om as 'n mens beskou te word wat geen God het nie, is dit duidelik dat die indruk in verband met die goddelike mag baie kragtig is, sodanig dat dit nie uit die mens se verstand uitgewis kan word nie en sy natuurlike drange makliker verydel word – soos dit trouens ook verydel word wanneer hy hom vrywillig uit sy natuurlike opgeblasenheid die dieptes in laat sink om God te eerbiedig.

*2. Selfs goddelose mense toon dat hulle nie sonder 'n begrip van God is nie.*

Daarom is die bewering wat deur sommige mense gemaak word, die toppunt van ydelheid. Hulle verklaar naamlik dat godsdiens deur die listigheid en sluheid van 'n handjie vol mense uitgedink is om eenvoudige mense met hierdie listige streek pligsgetrou te hou, hoewel juis die mense wat vir ander die skeppers van eerbiediging van God was, nie in die minste geglo het dat God wel bestaan nie.

Ek erken inderdaad dat geslepe mense baie planne in die godsdiens uitgedink het om daarmee eerbied onder die gewone mense in te boesem en hulle te terroriseer met die oog daarop om hulle gemoedere gedienstiger daarvoor te maak. Maar hulle sou dit nooit kon regkry as dit nie was dat die mens se verstand alreeds lank tevore met die onwrikbare oortuiging in verband met God deurdrenk was nie. Daaruit het die neiging tot die godsdiens soos uit 'n saadjie ontspring. Ek glo dat juis die mense wat onkundiges onder die dekmantel van godsdiens mislei het, nie heeltemal sonder die kennis van God was nie. Want hoewel daar eenmaal sommige mense was en daar vandag nog enkelinge na vore kom wat


beweer dat God nie bestaan nie, gevoel hulle tog van tyd tot tyd teen wil en dank wat hulle liewer nie wil weet nie. Ons lees van niemand wat met groter brutaliteit en met groter onbeteuelde minagting van die goddelike mag losgebars het as Caligula nie. Tog het niemand met groter angs gebewe wanneer God die een of ander aanduiding van sy toorn gegee het nie. So het hy teen sy sin gesidder vir die God wat hy uitdruklik wou minag. 'n Mens kan sien dat dit ook oral met mense soos hy gebeur. Want die brutaalste veragters van God is juis die mense wat die meeste deur die geluid van 'n vallende blaar ontstel word. Waaruit ontstaan dit dan anders as net uit die wraak van die majesteit van God wat hulle gewete des te hewiger tref namate hulle poog om dit te ontvlug? Hulle kyk inderdaad rond vir elke skuilhoek om hulle van die teenwoordigheid van God te verberg en sy teenwoordigheid uit hulle gemoed uit te wis, maar hulle word teen wil en dank altyd daarin verstrengel en vasgekluister. En hoewel dit soms lyk asof dit vir "n oomblik verdwyn, keer dit van tyd tot tyd terug en val hulle met hernieude krag aan. En as daar dan nog 'n verposing in die onrus van hulle gewete voorval, verskil dit nie veel van die slaap van mense wat beskonke of kranksinnig is nie wat selfs nie eens in hulle slaap in kalmte tot rus kom nie omdat hulle onophoudelik deur verskriklike en afgryslike drome gekwel word.
Goddelike mense dien dus self ook as voorbeeld dat 'n begrip van God altyd in die gemoed van alle mense lewe.

3. *Sy godsdiens verhef die mens bo die dier.*

Mense wat daaroor eerlik oordeel, sal altyd daarvan seker wees dat 'n onuitwisbare gevoel van die Godheid in die verstand van die mens ingegrif is, of liewer dat hierdie oortuiging van nature by alle mense aangebore is dat daar 'n God bestaan en die oortuiging is diep in hulle binneste vasgenael. Die weerspannigheid van goddelose mense is oorvloedige getuienis daarvan. Hoewel hulle waansinnig daarteen stry, kan hulle hul tog nie van die vrees vir God losmaak nie. Al sou Diagoras en dergelike mense oor al die eeue heen die spot dryf met die geloof in verband met die godsdiens en al sou Doinysios die oordeel van die hemel hoon, is dit 'n siniese gelag, omdat die wurm van hulle gewete, wat vuriger as alle brandysters is, binne-in hulle knaag. Nou beweer ek nie soos Cicero dat dwaling met die verloop van tyd tot niet gaan en dat die godsdiens by die dag aangroei en beter word nie. Want soos ons 'n rukkie later sal moet sê

– poog die wêreld sovêr dit binne sy vermoë is om alle kennis van God te vernietig en sy aanbidding op elke moontlike wyse in die wiele te ry. My bewering is slegs dat, hoewel die stompsinnige hardvogtigheid wat goddelose mense gretig bysleep om God te verag, in hulle harte wegkwyn, hierdie gevoel van 'n godheid nogtans by hulle lewendig bly en hoewel hulle die grootste begeerte koester dat dit uitgewis moet word, kom dit kort-kort na die oppervlak. Daaruit lei ons af dat dit nie 'n leerstelling is wat ons eers in ons skole moet leer nie, maar waarvan elkeen van moederskoot af sy eie leermeester is en wat die natuur self niemand toelaat om ooit te vergeet nie, al sou baie mense ook al hulle kragte daarvoor inspan. Verder, as almal dan met die doel gebore is en lewe om God te leer ken en die kennis van God tog onbestendig en verganklik is, behalwe as dit tot hierdie stap gevorder het, is dit duidelik dat al die mense wat nie al die gedagtes en handelinge van hulle lewe op hierdie doel rig nie, van die wet van hulle skepping afvallig raak. Dit is 'n feit wat ook filosowe nie ontgaan het nie. Dit was juis Plato se bedoeling toe hy baie dikwels geleer het dat die hoogste goed van die siel die ewebeeld van God is wanneer die siel in sy geheel omgevorm word tot God self sodra dit kennis van Hom opgedoen het. Net so redeneer Gryllos in 'n werk van Plutarchos met die grootste verstandigheid wanneer hy verklaar dat mense nie alleen bo redelose diere uitstyg nie, maar in vele opsigte baie ellendiger as hulle is as godsdiens eenmaal in hulle lewe ontbreek. Die gevolge daarvan is dat hulle aan soveel vorms van boosheid blootgestel is en voortdurend van God alleen wat mense meerderwaardig maak en waardeur net hulle na onsterflikheid strewe.

(vervolg.)



**’n Instrument in die Hand van die HERE te Wittenberg.**

---

## HOOFSTUK 3.

## ’n Student wat monnik geword het.

Maarten, wat agtien jaar oud was, het toe hy op die Hoërskool kom, in ywer en bekwaamheid al sy medestudente oortref. Hy het sy hart en siel in sy studies gesit en het uitgemunt deur sy uitstekende geheue en skerpe verstand. Daarby het hy nog elke dag die kerkbesoek, en het elke môre die seën van die Here op sy werk afgesmeek, “want”, het hy gesê: “as ’n mens bid is die helfte van jou werk agter die rug.”

Sy vrye tyd het die jong student meestal in die biblioteek van die Hoërskool deurgebring. Hy het ’n liefde vir boeke gehad, maar kon hulle nie saam met hom neem nie. Op ’n sekere dag ontdek hy ’n boek wat hy nog nooit gesien het nie – en dit was ’n Bybel. Daar het hy tog nou Gods eie Woord! Met kloppende hart het hy dit oopgeslaan en die geskiedenis van Samuel gelees, ’n verhaal wat hy mooier gevind het as alles wat hy nog ooit gelees het.

“O God,” bid hy toe uit die grond van sy hart, “gee tog dat ek ook eenmaal so ’n Bybel my eie kan noem!

Van toe af het hy elke dag ’n tyd lank met lees uit die Bybel deurgebring en hy was bly dat die Bybel so dik was; want dan kon hy soveel te meer lees oor die weg van die saligheid.

Intussen het Luther nie sy studies vergeet nie; hy het so hard gewerk dat hy sy eksamens met skitterende gevolg afgelê het. Na vyfjarige studie is hy tot doktor in die wysbegeerte bevorder, sodat hy nou self aan ander studente les kon gee. Verder sou hy hom met alle mag toelê op die studie van die regsgeleerdheid om, soos sy vader verlang het, advokaat te word.

Maar God het dit anders gewil en hom op baie maniere beproef. Eers deur siekte wat hom op die rend van die graf gebring het, dog waarvan hy gelukkig herstel het. Toe deur die skielike dood van ’n vriend Alexius, aan wie hy baie intiem verbind was.

“Ag,” het Luther by homself gesê, “waar sou my siel nou gewees het as ek in plaas van Alexius gesterwe het?”

Kort hierna was hy met ’n vriend op reis. Na die mode van die tyd het hy ewenas die ander studente ’n degen op sy gedra en steek toe per ongeluk sy been daarmee raak. Die wond het baie gebloei.

“Loop haal gou ’n dokter!” roep Luther sy vriend toe en gaan solank op die grond lê met sy been in die lug, terwyl hy die wond met alle mag toeknyp. “Ag, dit hou maar aan met bloei! Help my Maria!” bid Luther totdat die dokter gekom en die been verbind het. Gedurende die nag het die wond weer oopgebreek en weer het hy hulp en troos by die Heilige Maagd gesoek.


Die been het gelukkig gesond geword en Luther het weer sy studies hervat. Gedurende die somervakansie van 1505 het hy weer na Mansfeld gegaan om sy ouers op te soek. Met sy terugkeer na die Hoërskool word hy, nie vêr van Erfurt af nie, deur swaar donderweer oorval. Verskriklike donderslae het deur die lug gerol en skielik het ’n hewige bliksemstraal voor sy voete die aarde getref, sodat hy, van skrik neerstort op die grond. O, sê nou, dat hy voordat hy die stad bereik, deur die hemelvuur sy lewe moet verloor! Doodsbenoud roep hy toe uit: “Help my, liewe heilige Anna – dit was Maria se moeder- ek wil monnik word!

Dis veertien dae later. Luther het sy belofte aan Sint Anna nog nie vergeet nie. Hy sal in ’n klooster gaan en daar, afgesonder van die wêreld, sy lewe aan God toewy. Nog eenmaal nooi hy sy vriende uit na ’n gesellige

maaltyd. Luther het by die geleentheid die opgeruimdste van almal gelyk. Hy het lustig gesing en sy harp pragtiger as ooit bespeel, maar dit sou ook die laaste maal wees. Eindelik lê hy die instrument neer en vertel op ernstige toon vir sy vrolike vriende dat hy besluit het om die wêreld vaarwel te sê en monnik te word.

Sy vriende het eers gedink dat hy maar ’n grap gemaak het en lag toe almal hartlik daaroor, maar toe hulle bemerk dat hy ernstig was, het hulle vergeefse pogings aangewend om hom tot ander gedagtes te bring. Luther het voet by stuk gehou, want wat hy belowe het, toe hy in doodsgevaar verkeer het, sal hy ten uitvoer bring.

Nog dieselfde nag het hy met twee boeke onder die arm die Augustyner-klooster in Erfurt binnegegaan, waar hy van toe af begeer het om te lewe. Hy het ’n sel of klein kamertjie met ’n tafel, ’n stoel en ’n hoop strooi, wat as bed moes dien, tot hy verblyfplek gekry het.



•DIE AUGUSTYNERKLOOSTER IN ERFURT•

Luther se vriende was baie verbaas oor hierdie stap. Tevergeefs het hulle na die klooster gegaan om hom te beweeg om terug te keer; hulle is nie eens toegelaat nie. ’n Maand het verbygegaan voordat iemand die nuwe monnik mog sien of met hom praat.

Maar die meeste van almal het Luther se vader daaronder gely, toe hy verneem wat gebeur het. Sy seun ’n monnik, dit het hom baie gespyt en het dit nooit kon dink nie. Dit het daar na gelyk of hy niks meer van Maarten wou weet nie; toe egter ’n rukkie daarna twee van sy seuns aan die vreeslike pes gesterf het, het dit sy vriende geluk om hom met Maarten te versoen.

Die arme monnik het dit in die klooster alles behalwe aangenaam gehad. “Broeder Augustinus,” soos hy hom nou genoem het, is glad nie deur die ander kloosterlinge ontsien nie. Hulle het maar min eerbied vir sy groot geleerdheid gehad en het hom baie sleg behandel. Om hom te verneder, het hulle hom allerlei werk laat doen waaraan hy volstrek nie gewoond was nie. Hy moes die poorte oop-en toemaak, die klok opwen, die kerk uitvee en die selle skoonmaak. As hy daarmee klaar was, het hulle gesê: “Gaan nou met die bedelsak om jou nek na die stad!”

En dan het Luther gewillig van huis tot huis om brood en kaas vir die klooster gebedel. As hy dan teruggekom het, was sy aangenaamste ontspanning om ’n boek ter hand te neem, maar dit was nie na die sin van die lui monnike nie. – “’n Monnik bewys geen diens aan die klooster deur te studeer nie,” het hulle gesê, “maar ons het brood, koring, eiers, vleis, vis en geld nodig en dit moet jy ophaal.”

En die arme monnik het hom aan alles onderwerp, om op die manier salig te word. Want daarvoor het Luther alles oorgehad. Hy wou heilig word en het gedoen wat hy kon om die sonde in hom te oorwin, maar tevergeefs! En altyd het hy nog getwyfel of God hom wel genadig was.

“Vyftien jaar lank,” het hy later geskryf, ”was ek ’n monnik en het daagliks die mis gelees. Maar met al die misse, gebede en waak het ek nie sovêr gekom nie om te sê, dat God my genadig was.

“ek het met 21 heiliges verkeer; drie van hulle het ek daagliks aangeroep by die lees van die mis, sodat ek in een week se tyd al een-en-twintig aangeroep het. Maar vernaamlik het ek my tot die Heilige Maagd gewend, om my voorspraak by haar Seun te wees. Waarlik, ek het die reëls van my orde met groot ywer nagekom; ek het my dikwels siek en amper dood gevas, gebid, gewaak en my bo my kragte moeg en afgemat gemaak.

Ek het nie in Christus geloof nie, maar Hom as ’n verskriklike Regter beskou, soos mens Hom afgebeeld sien, sittend op ’n reënboog. Ek het geskrei om die ewige saligheid in besit te kry; ek het gesoek en dag en nag geklop. En as ek nie deur die troos van die Evangelie my verlossing gevind het nie, dan sou ek geen twee jaar kon geleef het nie.”

So was dit. Sy liggaam het uitgeteer en dag na dag het hy soos ’n moedelose deur die gange van die klooster gewandel. Eenmaal het hy hom, oorstelp van droefheid, in sy sel opgesluit en wou niemand dag of nag by hom toelaat nie. Hy wou aanhou met bid totdat daar vrede in sy siel gekom het.

Op die ou end het die monnike, wat onrustig begin word, het, die deur oopgebreek en daar lê die arme Luther in swym op die vloer en kon slegs na baie moeite tot bewussyn teruggebring word.

G'n wonder dat hy siek van wanhoop geword en dit gelyk het of hy gaan beswyk nie. 'n Ou monnik het na hom gekom en gesê: Broeder Maarten, ken jy nie meer die twaalf geloofsartikels nie? Daar staan ook in: "Ek glo in die vergewing van sondes".

Dit weet ek goed genoeg, was Luther se Antwoord, "maar dit help my niks nie."

"Tog gebied God ons om te glo dat die sondes vergewe is," het die monnik hervat, "nie net die sondes van ander nie, maar ook ons s'n."

Dit het Luther 'n bietjie getroos en stadigaan het hy herstel van sy krankheid.

Gelukkig vir hom dat hy in die vrome Johan van Staupitz 'n vriend gevind het, wat toesig gehou het oor die Augustyner klooster in Duitsland en wat ook die klooster te Erfurt kom besoek het. Von Staupitz het baie met hom gepraat, hom 'n Bybel persent gegee en hom op die Here Jesus gewys as die enigste Heiland en Saligmaker. "Jy moet jou nie meer terwille van jou sonde pynig nie," het hy gesê, "maar werp jou gelowig in die arms van die Verlosser."

Dit wa 'n goeie raad wat Luther getrou nagevolg het. Von Staupitz het nog meer vir hom gedoen. Hy het goed ingesien, dat Luther, na twee jaar as priester gewy, behoefte aan uitgebreider werksaamheid gehad het.

Frederik die Wyse, die Keurvors van Sakse, het in 1502 te Wittenberg 'n Hoërskool gestig en na bekwame hoogleraars gesoek.

"Niemand is meer geskik daarvoor as die Augustyner monnik Maarten Luther nie," het Von Staupitz aangeraai en so is Luther heel gou tot hoogleraar in die wysbegeerte benoem. Hy het egter monnik gebly en gevolglik sy intrek in die klooster daar geneem, waar sy sel nog te sien is. So het hy dan op die plek beland, waar baie gou die oë van die hele wêreld vir jare lank op hom gerig sou word.

(vervolg.)

# PRESIDENT S.J.P. KRUGER



Dr. J.D. du Toit (Totius)

„Uitgestorwe klanke!" so het ons gedink by die lees van enkele toesprake van wyle president Kruger.

En die skares wat juig as hulle die Kruger naam hoor . . . sal hulle ook nog die taal van Kruger ken?

Dat Kruger *uit ons grond gegroei het* — dit is waarom hy bekend is omdat hy juis 'n Afrikaner uit die Afrikaners was.

Maar tog, daar is 'n ander Kruger, alhoewel daar wesenlik geen ander is nie, maar wel 'n Kruger wat *in die klimaat van die Bybel* gekweek is. Van hierdie Kruger se taal sê ons: "*Uitgestorwe klanke*!" Ons hoor dit nie meer in die raadsale van ons land en ook nie in ons publieke lewe nie. By hom vind ons die Gawe van die Geloof, by ons die berekeninge; by hom die daad, by ons die verwagting; by hom die ideaal, by ons die verlorenheid.

Desnieteenstaande moet ons Afrikanervolk hierdie Kruger weer hoor en sien, ja, 'n man in sy onverdeeldheid as Afrikaner en ook as Geloofs-man. Want as sodanig is hy niks anders as wat die Afrikanerdom van huis uit sou wees nie; hy was die hoogtepunt van die nasie waaruit hy gegroei het. Kruger sonder sy Bybel is gelykstaande aan sy standbeeld in Pretoria, maar *sonder sy voetstuk*, sommer plat op die grond neergesit. Maar so ook die Afrikanerdom sonder die Bybel, gering en ongereken by die ander groter nasies.

In ons vorige artikel het ons u daaraan herinner dat die Voortrekkers mense was wat hulle laat ken het as diegene wat deur God geroep en wat

ook deur al die rampe en teëspoede deur Hom gelei is. Hierdie sielvolle oortuiging waardeur hulle gedra is, kom uit die Bybel.

**Daarom is ons volk sonder die Bybel ook niks, sonder roeping, sonder leiding, sonder hoër oortuiging, sommer laag by die grond**.

Laat ons nou terugkeer na Kruger. In die volle sin van die woord kan daar ook na hom verwys word as: *"'n Man van een Boek!"* Die Bybel was sy lektuur en hy het dit gelees:

- Ten eerste, vir die opbouing van sy geestelike lewe.
- Ten tweede het hy ook in die Statebybel 'n skat van Aardrykskundige, Geskiedkundige en Oudheidkundige kennis opgedoen, soos Allard Pierson ook gesê het: *"Dit is vir die ongeletterdes onmoontlik om daagliks met die Bybel om te gaan sonder om in 'n baie ruim kring opgelei te word. Die Egiptiese, Assiriese, Babiloniese, Persiese en selfs die Romeinse beskawing lig almal iets op van die sluier wat vir ander in die verlede heeltemal bedek was . . . maar so vind die Bybelvaste Christene 'n vorming en 'n opleiding in 'n wêreld van gedagte wat ver bo die alledaagse verhewe is."* Dit lyk asof Pierson hier van Kruger skryf, maar dit was van toepassing op die Godvrugtige Wormser, medestander van Groen van Prinsterer.
- Ten derde het Kruger die Bybel gelees om daarin leiding te vind as leier van die volk. Op 'n eleksie rekwisisie antwoord hy: *"Ook op Staatkundige terrein bely ek die ewige beginsels van die Woord van God."*

By die bespreking van die beginsels wat Kruger in sy Staatspraktyk gelei het en selfs in die redevoeringe wat deur hom gehou is, was meestal vrye toesprake in Nederlands en ook aan ons oorgelewer is.
Dit sou die moeite loon veral uit die toesprake van die President om die beginsels op te diep wat vir hom as riglyne by sy Staats aktiwiteite gedien het.

1) Die President (saam met die Voortrekkers) was volkome oortuig dat hulle as volk met 'n besondere roeping geroep is.
2) Die President (saam met sy volgelinge) het tot die dood toe getrou aan hierdie roeping gebly.

Niemand het seker die leiding en bevryding van ons volk deur die HERE sterker aangevoel en skerper uitgedruk as hy nie, aan Israel se bevryding uit Egipte het hy onophoudelik gedink. Ons lees in Kruger se telegram gedateer 20 Junie 1900, aan die Krygsoffisiere van Israel se wonderbare redding vanuit Egipte. En dan volg hierdie regstreekse toepassing: *"Dieselfde God het ons uitgelei en met wonders en mirakels aan ons, ons vryheid gegee."* Daarom kan ons ook van harte die President nasê: *"En dink u dat God Sy saak, wat Hy eenmaal begin het, sal laat vaar? Nee, Hy sal dit nie laat vaar nie!"*

Talryk is die vergelykinge ooreenkomstig die Voortrekkers met die volk Israel. Maar juis daarom (vanweë die vergelykinge) tree die President soos 'n Israelitiese boete profeet op om die hele volk tot bekering op te roep. In sy redevoering van 7 Mei 1900, sê hy: *"As God dit toelaat dat kastyding op ons kom, moet ons buk en ons verneder; ons sondes bely en tot die HERE terugkeer"*.

Van besondere betekenis is die toespraak van die President by sy plegtige inswering op 12 Mei 1898, hy tree op soos 'n profeet vanouds en skroom nie om voor almal, hoog en laag, 'n vermanende preek te lewer nie.

Hy spreek die nuwe burgers met Bybelse terme aan: *"Julle kan nie twee here dien nie, of julle sal die een aanhang en die ander verag"* ens. Dan weer word die *"vreemdelinge"* bemoedig met woorde sodat die toehoorders tot die gevolgtrekking kom, dat hierdie man wat so spreek, weet wat Moses aangaande die vreemdelinge gesê het, dat hulle die goeie woorde nie ter harte geneem het nie! Vervolgens word selfs ook die regters op grond van die Bybelse beginsels vermaan, volgens die woorde, in Ps. 82 vers 1 en 2:

**"God staan in die vergadering van die gode; Hy hou gerig te midde van die gode. Hoe lank sal julle onregverdig oordeel en partydig wees vir die goddelose mense? Sela."**

Selfs ook 'n vermanende woord vanuit die Boek Esegiël word tot die Krygsmag, vanaf die gewone burger tot die Kommandant-Generaal gerig. Indien daar nie teen die naderende vyand gewaarsku word en die wagte word nie uitgesit nie, dan sal *"die vergote bloed"* op die hoof van die skuldige wees.

En wanneer die kinders uiteindelik aan die beurt kom, hoor ons die dringende roepstem dat hulle moet *"vasstaan"* by die Woord van God!

Die President sal *"met al sy kragte"* trag om hulle *"in die Christelike onderwys"* te laat opvoed. Hierdie woorde het in dié tyd 'n ryke betekenis gehad.

Waar vind ons Kruger se gelyke onder die bewindhebbers in Suid-Afrika? 'n Man wat so suiwer die siel van die Groot Trek vertolk het. Merkwaardig is ook Kruger se vertolking van Art. 8 van die Grondwet. Art. 8 begin as volg: *"Die volk eis die mees moontlike vryheid."* Maar wat sê Kruger daarvan in sy toespraak van 12 Mei 1898: *"Let nou op daardie Artikel, waarheen dit ons wys. Dit wys ons na God se Woord. Die volk eis die mees moontlike maatskaplike vryheid; geen losbandige of roekelose vryheid nie, maar gegrond op God se Woord en dit lê in daardie Artikel opgesluit."*

Ons kan daarom verstaan wanneer daar na hom verwys word as die stem van die volk wat hom tot die Presidentskap geroep het, hy was gehoorsaam omdat hy, *"die stem van God daarin herken het."* Dit is iets anders as wat die Franse Rewolusie geproklameer het en wat nog rondgebasuin word, naamlik *"dat die gesag van die regering alleen vanuit die volk voortvloei."* Mag die Afrikanervolk maar leer om nie die Kruger-naam van die Kruger-daad los te maak nie!

<u>Bron</u>*: Uittreksels vanuit die Kerkblad, no. 964, 5 Maart 1943.*

---

## Vermanende brief van Adrianus Haemstedius aan die owerheid van Antwerpen, in die jaar 1559 N.C.

### *Voorwoord:*

Waarskuwing aan die leser:

Graag wil ons die leser daarop wys, dat hierdie werk geen mens verheerliking is nie, nee, Augustinus sê, "*Causa non passiofaatmartyera,"* en dit beteken: "'n Martelaar is nie iemand wat vanuit sy eie oortuiging 'n getuie vir die Waarheid geword het nie, maar alleen deur 'n ware oortuiging alleen deur die Krag van die Woord en Gees. Maar tog, wat is 'n ware oortuiging?

***Sola Scriptura* – Die Woord alleen**
***Solus Christi* – Christus alleen**
***Sola Gratia* – Genade alleen**
***Sola Fide* – Geloof alleen**
***Soli Deo Gloria* – Tot eer van God alleen**

Aangesien 'n ware oortuiging alleen deur die Woord en Gees die Godsvrug in 'n martelaar teweegbring (Gal. 5:22), moet ons tog onthou dat dit alleen die soewereine werk van God-Drie-Enig is (Filip. 2:13). Die Nederlandse Geloofsbelydenis bevestig dit ook, in Artikel 13:

Die voorsienigheid van God.

Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie, maar dit volgens Sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder Sy beskikking gebeur nie, behalwe die sonde. Niks kom per toeval oor ons nie, maar deur die beskikking van ons Hemelse Vader. Hy waak oor ons met 'n Vaderlike sorg en heers oor alle skepsels, dat sonder Sy wil nie een haar van ons hoof kan val nie – hulle is almal getel. Hy hou die duiwel en ons vyande in toom sodat hulle sonder Sy toelatende wil, niks aan ons kan doen nie.

## 'n Vermanende brief van Adrianus Haemstedius aan die owerheid van Antwerpen, in die jaar 1559 N.C.

Aan alle eerbare, wyse en edele owerhede, bestuurders, stadhouers en State in onse Nederland, van Brabant, Gelderland, Vlaandere, Holland, Seeland en Friesland, wens ons 'n Godsalige voorsienigheid toe, om die

volk te regeer, te onderhou en te lei tot Saligheid, vrede, eendrag en voorspoed van ons Hemelse Vader, deur Jesus Christus, Sy geliefde Seun, ons enigste Saligmaker. Amen.

Eerbare wyse here, wie God se dienaars is tot voordeel en beskerming van die goeie en tot wraak en straf van die bose (Rom. 13 : 4, 1 Petr. 2 : 14). Die Almagtige God het u verkies om in hierdie wêreld die hoof van die volk waarin Hy u geplaas het te wees. Omdat die liggaam niks kan sien, ruik, smaak of verstaan indien die hoof bedorwe is, so is dit ook nie moontlik om ‘n gemeente goed te geregeer en in goeie orde te hou, indien die hoof ook goddeloos en onkundig is nie. ‘n Onverstandige vors sal sy volk uiteindelik verwoes (Pred. 10 : 4).

Daarom het Moses juis bejaarde en wyse manne verkies om die Israelitiese volk te regeer. Manne wat die HERE vrees; die Waarheid besit en gierigheid haat. Sonder die vrees van die HERE is daar tog geen wysheid nie, want hoogmoed en gierigheid verblind die oog van ‘n wyse, want sonder kennis van die Waarheid kan geen man goed en nugter oordeel nie. Maar ’n mens kry hierdie eienskappe alleen wanneer die Gees die Woord lewend en kragtig in die hart maak. Alleen deur die kragtige werking van die Gees leer ’n begenadigde sondaar om God te vrees en om Sy Woord en Sy insettinge te onderhou (Deut. 17 : 18 en 19). En so spreek die HERE dan ook tot Josua, die vors van Sy volk, in Josua 1 vers 7 en 8:

**“Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan. Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.”**

Derhalwe is dit geopenbaar en uiters noodsaaklik dat die Wet van die HERE eis dat Sy Naam geheilig en Sy Ryk uitgebrei moet word. Daarvoor moet die owerheid hul beywer, indien hulle wel God se dienaars is. Die wêreld met sy ydele begeerlikhede moet versaak en die Koninkryk van God moet bevorder en uitgebrei word, dit is tog ’n opdrag tot elke Christen, hoeveel te meer betaam dit dan nie ook ‘n Christelike owerheid nie. Is die aartsvaders, Abraham, Isak en Jakob nie juis vir ons tot ’n sprekende voorbeeld nie en wat ‘n Godsalige vors was Dawid juis om die ware Godsdiens te bevorder en so het ons ook ‘n goeie voorbeeld in die lewe van koning Hiskia. Net soos dit in sy tyd met die volk Israel gesteld was, so is

dit ook tans met die Christene; hulle bedryf vreemde godsdienste en valse leringe wat die ellendige mens vereer en verhoog! Sodoende word die oog vanaf die Here Jesus Christus afgewend, terwyl die oorgrote meerderheid van die ganse mensdom liefhebbers van hulleself is! Die ware Godsdiens was verban en die tempel eensaam en verlate!

(vervolg.)

# KALENDER.

## Geskiedenis:

- **1 Maart 1510** – Francisco D'Almeida, 'n Portugese seevaarder sterf in Saldanhabaai, (Saldanha verwys juis na die bloed wat daar vergiet is). Hy word saam met 64 van sy bemanning deur inboorlinge vermoor. Dit was die uiteindelike rede, volgens die toelatende wil van ons Hemelse Vader waarom die Portugese (Katolieke) geen verdere belangstelling gehad het om aan die Suid-Punt van Afrika 'n nedersetting te stig nie.



- **1 Maart 1534** –Willem Farel lewer sy eerste preek in Geneve. Alhoewel Farel geen formele ordening ontvang het nie, het dit nie verhoed dat die HERE hom gebruik het om die Evangelie oral in Frankryk en later in Switserland, te preek nie. Nadat Farel in 1532 uit Geneve verban is, stuur hy die 22-jarige Antoine Fromert om 'n skool in Geneve te begin en die Evangelie aan sy student te verkondig. Spoedig was daar 'n redelike groep protestante in Geneve. In 1534 keer Farel terug na Geneve, maar al die kerke se deure was vir Farel en mede protestante 'gesluit'. Die eerste kans om in 'n kerk in Geneve te preek kom op 1 Maart 1534, toe 'n skare van



Farel se ondersteuners die Fransiskaanse Kapèl se klok lui en hom na die kerk neem. Binne 'n uur was die hele kerk vol met katolieke en protestante en is die Evangelie verkondig.

- **<u>12 Maart 1488</u>** –Bartholomeus Diaz plant die klipkruis te Mosselbaai.



- **<u>15 Maart 1874</u>** – Ds. Willem Postma gebore. As instrument in die Hand van ons Hemelse Vader om saam met ander medewerkers die Bybel in Afrikaans oor te sit en die eerste CNO-skool in Bloemfontein te stig.




- **<u>17 Maart 1820</u>** – Die eerste Britse Setlaars kom aan boord die Nautilus en die Chapman in Suid-Afrika aan.



- **<u>25 Maart 1647</u>** –Die Nieuwe Haarlem met sy bemanning onderweg na Indië strand naby Bloubergstrand. Anders as in die geval van D'Almeida moes die skipbreukelinge onder aanvoering van Leendert Jansen en Matthys Proot vir langer as 'n jaar verskeie groentes aanplant om hier te oorleef. Hulle het in hierdie tydperk selfs ook verskeie artikels inruil vir vee aan die inboorlinge aangebied. 'n Retoervloot van de Jongh met Jan van Riebeeck, 'n koopman van die Here XVII aan boord, kom uiteindelik tot hul redding en hulle kon weer terug na Nederland vaar. Hier het Jansen en Proot 'n verslag ten gunste van 'n Verversingspos aan die Suidpunt van Afrika aan die Here XVII voorgelê. Hierdie versoek is uiteindelik deur die Here XVII goedgekeur. Nadat verskeie persone die versoek om as Goewerneur aan die Kaap op te tree geweier het, het Jan van Riebeeck uiteindelik aansoek gedoen, as motivering het hy gesê: "Sodat die Woord van die HERE en die Gereformeerde Leer ook aan die Suidpunt van Afrika gevestig mag word."



# Blokkiesraaisel 3.




Vul al die antwoorde in. As jy die blokraaisel voltooi het, skommel die letters in die gekleurde blokkies, en kyk watter woord kry jy.

## Vraelys:

**Af:**

1. "en die HERE het ... en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën"
2. Abraham het die berg genoem – Die Here sal ...
3. Wat het die HERE vir Abraham gegee om in Isak se plek te offer?
5. Ismael en sy moeder het rondgedwaal in die woestyn van ...
7. Hoeveel dogters het Lot gehad?

**Dwars:**

4. Wat was die naam van Sara se slavin?
6. In wat het Lot se vrou verander nadat sy omgekyk het na Sodom?
8. Twee ... het Lot kom waarsku om uit Sodom te vlug.
9. Die naam van die land waar Abraham vir Isak moes offer.
10. Nahor se eersgeborene.
11. Isak het die hout gedra en Abraham die vuur en die ...

# Bybel Geskiedenis

## Lees Gen. 19 - 22 en beantwoord die vrae.

Vrae:

Lot:

1. Waar het Lot gewoon?
2. Waarmee het die engele die manne van die stad getref?
3. Het die skoonseuns van Lot na hom geluister?
4. Na watter stad het Lot gevlug?
5. Wie het agter haar omgekyk?

Hagar:

1. Waar het Abraham vir die tweede maal gesê dat Sara sy suster is?
2. Wie was die koning van daardie land?
3. Uit watter land was Hagar afkomstig?
4. Wat het Abraham aan Hagar gegee om saam te neem toe hulle haar wegstuur?
5. In die woestyn – "Daarop het God haar oë geopen, en sy sien 'n…"?
6. Waar het Ismael van daardie dag af gewoon en wat het hy geword?

Isak:

1. Hoe oud was Abraham met Isak se geboorte?
2. Waarom het Sara kwaad geword vir Hagar en haar seun?
3. Hoe het Abraham geweet op watter berg hy Isak moet offer?
4. Wat het Abraham en Isak na die derde dag met hulle saam die berg op geneem? Noem drie dinge.
5. Isak vra aan Abraham: "Waar is die … vir die brandoffer?"
6. Hoe is Abraham gekeer, dat hy nie sy seun geoffer het nie?
7. Waar was die ram wat Abraham as brandoffer kon gebruik?
8. "Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van ……?"
9. Jou nageslag sal wees "soos die … van die hemel en soos die … wat aan die seestrand is".

# GEMEENTE NUUS.

## Verjaarsdae:

- 2 Maart – Carl Earle.
- 7 Maart – Gerhard Young.
- 10 Maart – Janél Young.
- 12 Maart – IJ Earle.
- 15 Maart – Lea Young.
- 18 Maart – Phillip Retief.
- 23 Maart – Eliz-Marie Earle.
- 28 Maart – Righardt Retief.
- 30 Maart – Steven Young.

---

- **Doop: (2 Februarie 2025)**
  Eli-Hana Earle.

